Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

**Vaaldriehoekkampus**

# SUID-AFRIKA SE ONTVOOGDING VAN DIE BRITSE KONNEKSIE IN DIE DERTIGERJARE: VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER (1931) TOT BY OORLOGSVERKLARING (1939)

**Andries Johannes Lubbe Lubbe**
**M.A., UOD**

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in die Departement Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof. P.J.J. Prinsloo
Hulppromotor: Prof. P.F. van der Schyff

Vanderbijlpark
Oktober 1996

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO
1997 -04- 1 4
VAALDRIEHOEKKAMPUS

# ABSTRACT

The aim of this study is to discover the process of South Africa's emancipation from her British connection between 1931 and 1939. The writer chose the political and constitutional aspects of this theme as focal points.

In order to establish a clear picture in describing this process, it was necessary to trace South Africa's British connection to its origin. A line is thus drawn from the early nineteenth century to 1930 to illustrate the clash between British imperialism and Afrikaner nationalism.

While L. Botha and J.C. Smuts favoured the British connection, J.B.M. Hertzog believed that South Africa had the right to secede from the British empire. Botha and Smuts founded their policy on the belief that it was South Africa's honour and duty to be a member of the British Commonwealth and to assist Britain. However, Hertzog's slogan, **South Africa First**, lay the foundation for nationalists' desire to emancipate South Africa from her British connection.

The dispute on the question of South Africa's emancipation from the British connection was centred around the following three questions: was the British crown divisible, did South Africa have the right to secede from the British Commonwealth and could she remain neutral in a British war?

Up to 1926 imperialists and nationalists clashed head on in claiming respectively to uphold the British connection and to emancipate from it. After the Balfour declaration of 1926, when dominiums and Britain got on equal footing with their status, Hertzog laid constitutional disputes aside. Secession, according to him, was no longer an issue. From 1926 he focused on a policy that Botha once lay down namely, the conciliation of Afrikaans and English cultures.

Hertzog's firm belief that secession was not a practical political issue, together with his belief that Smuts had accepted his slogan of South Africa first, saw home fusion between the two leaders. This caused Malan and his nationalist followers to break away and form the Purified National Party. They believed that by fusion the British connection was greatly strengthened.

The Status Laws of 1934 partially integrated the 1931 Statute of Westminster. Thus it was generally accepted that South Africa had her own king, the right to secede from the Commonwealth and the right to be neutral. These laws caused a

few SAP members, with Stallard as their leader, to split and form the Dominium Party.

Fusion only lasted five years. In 1939 a second World War put the solidarity of the United Party to test. Hertzog's neutrality motion was defeated by Smuts and his followers. Once again South Africa was tied up on Britain's side.

# REFERENCE WORDS FOR A COMPUTER SEARCH

British connection

Coalition

Divisibility of the crown

Emancipation

Fusion

Imperialism

Nationalism

Neutrality

Secession

Sovereign independence

---oOOo---

# VOORWOORD

Personeel verbonde aan navorsingsentra het 'n belangrike rol in die versameling van relevante inligting in hierdie studie gespeel. Hoogstaande professionele diens aan navorsers het 'n standaard geword waaraan historici in Suid-Afrika gewoond geraak het. Aan u almal, wat my navorsingswerk deur u besondere vaardigheid des te meer aangenaam gemaak het, dra ek my diepste waardering oor.

My vorige promotor en huidige hulppromotor, prof. P.F. van der Schyff, verdien my opregte dank en waardering. Hy het my op die spoor van hierdie studieveld geplaas en 'n belangrike rol in die finale afronding gespeel. Sy leiding en motivering word hoog op prys gestel.

Aan my promotor, prof. P.J.J. Prinsloo, vir sy onvermoeide ywer, intense bemoeienis en besondere doelgerigte leiding, rig ek graag my hartlike waardering. Dit was 'n groot voorreg en heerlike ervaring om onder sy baie bekwame hand hierdie studie te kon voltooi.

Ek wil ook graag vir mev. Sandra Opperman bedank wat met die infrastruktuur van die Navorsingseenheid vir Industrialiserings- en Vaaldriehoekse Geskiedenis (NIVG), die tegniese versorging met fyn keurigheid en nougesetheid hanteer het. Sonder haar bydrae sou ek beswaarlik hierdie studie kon afhandel.

My kinders, Willem en Saartjie, wat met groot geduld die voltooiing van die studie afgewag het, wil ek spesiaal bedank.

My vrou, Mariet, se jarelange belangstelling, motivering en ondersteuning was van onskatbare waarde. Sy het met fyn aanvoeling en geselekteerde wenke 'n baie waardevolle bydrae gelewer. Haar aandeel was veel groter as net dié van ondersteuner en motiveerder. Sy het met rype taalervaring 'n baie groot inset met die taalversorging gelewer. Hierbenewens het sy baie van die tikwerk op haar geneem, te midde van haar eie besonder druk werksprogram.

Aan my Skepper al die lof, dank, eer en aanbidding vir Sy genade. Hierdie studie en die voltooiing daarvan was van voor tot agter die duidelike teken van God se genade.

Soli deo Gloria.

**A.J.L. Lubbe**
**Vereeniging**
**Oktober 1996**

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING ..... 1

HOOFSTUK 1 ..... 10
DIE BRITSE KONNEKSIE: 'N POLITIEKE TWISPUNT ..... 10
1.1 INLEIDING ..... 10
1.2 DIE BRITSE KONNEKSIE: 'N POLITIEKE TWISPUNT ..... 10
1.3 SAMEVATTING ..... 38

HOOFSTUK 2 ..... 40
DIE RYKSKONFERENSIE, 1930 EN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER, 1931 ..... 40
2.1 INLEIDING ..... 40
2.2 DIE AANLOOP TOT DIE RYKSKONFERENSIE EN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER ..... 40
2.3 DIE RYKSKONFERENSIE VAN 1930 ..... 45
2.4 DIE STATUUT VAN WESTMINSTER ..... 46
2.5 DIE BRITSE SIENING VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER ..... 49
2.6 DIE WESE VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER ..... 52
2.7 DIE REAKSIE OP DIE STATUUT VAN WESTMINSTER ..... 54
2.8 DIE IMPAK VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER ..... 57
2.9 DIE INVLOED VAN DIE STATUUT VAN WESTMINSTER OP DIE SUID-AFRIKAANSE POLITIEK ..... 60
2.10 SAMEVATTING ..... 62

HOOFSTUK 3 ..... 63
KOALISIE EN SAMESMELTING ..... 63
3.1 INLEIDING ..... 63
3.2 TIELMAN ROOS: DIE KATALISATOR VAN KOALISIE ..... 64
3.3 KOALISIE ..... 73
3.4 DIE PERSREAKSIE OP KOALISIEVORMING ..... 79
3.5 DIE SAMESMELTING ..... 82
3.5.1 AANLOOP TOT SAMESMELTING ..... 82
3.5.2 DIE PERSREAKSIE OP DIE SAMESMELTINGSKWESSIE ..... 87
3.5.3 WEERSTAND TEEN SAMESMELTING ..... 89
3.5.4 HERENIGING MISLUK, SAMESMELTING REALISEER ..... 92
3.6 SAMEVATTING ..... 97

HOOFSTUK 4 ..... 98
DIE STATUSWETTE, 1934 ..... 98
4.1 INLEIDING ..... 98
4.2 DIE NEUTRALE STANDPUNT ..... 99
4.3 DIE STANDPUNT OOR 'N VERSTERKTE BRITSE KONNEKSIE ..... 101
4.4 DIE STANDPUNT OOR 'N VERSWAKTE BRITSE KONNEKSIE ..... 102
4.4.1 DIE TEENSTANDERS VAN 'N VERSWAKTE BRITSE KONNEKSIE ..... 102
4.4.2 DIE VOORSTANDERS VAN 'N VERSWAKTE BRITSE KONNEKSIE ..... 106
4.5 DIE REAKSIE UIT BRITSE POLITIEKE KRINGE ..... 108
4.6 SAMEVATTING ..... 109

HOOFSTUK 5 ..... 111
DIE BURGERSKAPKWESSIE ..... 111
5.1 INLEIDING ..... 111

5.2 DIE BURGERSKAPKWESSIE ........ 111
5.3 SAMEVATTING ........ 131

**HOOFSTUK 6** ........ **132**
**DIE APPèL NA DIE BRITSE GEHEIME RAAD** ........ **132**
6.1 INLEIDING ........ 132
6.2 MENINGSVERSKILLE OOR DIE APPèLREG ........ 133
6.3 DIE PARLEMENTSITTING VAN 1935 ........ 134
6.4 DIE PARLEMENTSITTING VAN 1937 ........ 137
6.5 SAMEVATTING ........ 140

**HOOFSTUK 7** ........ **142**
**DIE GOEWERNEUR-GENERAALSKAP** ........ **142**
7.1 INLEIDING ........ 142
7.2 'N SUID-AFRIKANER AS GOEWERNEUR-GENERAAL ........ 142
7.3 DIE REAKSIE OP DIE AANSTELLING VAN DUNCAN EN SY RIDDERSKAP ........ 150
7.4 SAMEVATTING ........ 154

**HOOFSTUK 8** ........ **155**
**DIE NASIONALE SIMBOLE** ........ **155**
8.1 INLEIDING ........ 155
8.2 DIE VLAGSTRYD ........ 155
8.2.1 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE VLAGSTRYD ........ 155
8.2.2 SAMEVATTING ........ 161
8.3 DIE VOLKSLIED ........ 161
8.3.1 DIE VOLKSLIEDVRAAGSTUK ........ 161
8.3.2 SAMEVATTING ........ 177

**HOOFSTUK 9** ........ **178**
**DIE DEELBAARHEID VAN DIE BRITSE KROON** ........ **178**
9.1 INLEIDING ........ 178
9.2 DIE DEELBAARHEIDSVRAAGSTUK ........ 179
9.3 SAMEVATTING ........ 192

**HOOFSTUK 10** ........ **194**
**DIE SESESSIESTREWE** ........ **194**
10.1 INLEIDING ........ 194
10.2 DIE SESESSIEVRAAGSTUK IN DIE DERTIGERJARE ........ 198
10.3 SAMEVATTING ........ 210

**HOOFSTUK 11** ........ **211**
**DIE NEUTRALITEITSVRAAGSTUK** ........ **211**
11.1 INLEIDING ........ 211
11.2 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE NEUTRALITEITSKWESSIE ........ 215
11.3 'N VERSKERPTE AANDRANG OP 'N NEUTRALITEITSVERKLARING ........ 227
11.4 SAMEVATTING ........ 240

**SLOT** ........ **242**

**BYLAE A** ........ **250**
**KABINETSVERKLARING OOR NEUTRALITEIT** ........ **250**

**BYLAE B** ........ **252**
**NOTULE VAN DIE KABINETSVERGADERING** ........ **252**

LYS VAN FOTO'S .......... 254
LYS VAN SPOTPRENTE .......... 254

BRONNELYS .......... 255

---oOOo---

# INLEIDING

Hoewel daar in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing heelwat aandag aan die historiese gebeure uit die dertigerjare geskenk is, is daar volgens Cillié steeds 'n neiging onder historici om oor hierdie dekade enigsins apologeties te praat en om dit te behandel as 'n tydperk waarin Hertzog die kluts kwyt geraak het.[1] Hierbenewens het historici veral gekonsentreer op die rol wat Afrikaners in die geskiedenis gespeel het. Afrikaanse historici het tot dusver in hul geskiedskrywing van die dertigerjare hoofsaaklik die ellende van die Afrikaner, sy benarde ekonomiese posisie en 'n polities verdeelde en verskeurde Afrikanerdom beklemtoon.

Gesien in die lig van hierdie feite, is die doel van hierdie studie om aan te toon hoe Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie in die dertigerjare 'n bepaalde leemte ondervang. Deur die bestudering van die ontvoogdingsproses word 'n breër perspektief op die Suid-Afrikaanse geskiedsbeskouing moontlik gemaak.

Die studie bied 'n sintese uit 'n magdom navorsingsmateriaal. Die sentrale tema van die studie handel hoofsaaklik oor die beskrywing van die aard en omvang van Suid-Afrika se ontvoogdingsproses van Brittanje. Dit impliseer dat politieke opvattings en denkrigtings oor die wese van Suid-Afrika se Britse konneksie bestudeer moes word. Die doel van só 'n studie was om te bepaal hoe die ontplooiing van die denkpatrone oor Suid-Afrika se Britse konneksie in die dertigerjare, die ontvoogdingsproses gestimuleer of gestrem het.

Die terreinafbakening behels eerstens die tydperk wat bestudeer is. Dit handel oor die dertigerjare waartydens die ontvoogdingsproses interessante ontwikkelinge ondergaan het. Enersyds het die stigting van die Republikeinse Bond in 1930 daarop gedui dat 'n spesifieke denkpatroon oor ontvoogding onder sekere Nasionaliste posgevat het. Hierdie Nasionaliste sou hul beywer vir die versnelling van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie. Andersyds het daar ook in die geledere van die Nasionale Party (NP), die opvatting dat Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie 'n versadigingspunt bereik het, bestaan. Hierdie uiteenlopende sienings oor Suid-Afrika se ontvoogdingsproses is deur die afkondiging van die Statuut van Westminster in 1931, die Statuswette in 1934 en

---

1 P.J. Cillié, ***Hertzog en Malan: die jare van skeuring, 1934-1939***, (Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing X, 25 Sep. 1980), p.3.

die koalisie- en samesmeltingsgebeure in 1933 en 1934, beïnvloed. Meningsverskille oor die belangrikheid van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie was in 1934 die primêre oorsaak vir die herskikking van Suid-Afrika se partypolitieke samestelling.

Aan die einde van die tydperk wat bestudeer is, word aangetoon hoe Suid-Afrika se oorlogsbetrokkenheid sy Britse konneksie op die proef gestel het. In 1931, wat as 'n vertrekpunt van die ontvoogdingsproses in die dertigerjare beskou kan word, het Brittanje die inisiatief geneem om by wyse van wetgewing gelyke status aan dominiums te verleen. In 1939, het juis die vertolking van hierdie gelyke status deur die dominiums na vore getree. Die ontwikkeling in die dertigerjare wys dus op die wetlike erkenning van 'n ontvoogdingsproses en die praktiese proeftydperk wat daarmee verband gehou het. Gevolglik was die betrokke afbakening 'n natuurlike en logiese werkwyse en dus regverdigbaar.

Die terreinafbakening behels tweedens die wyse waarop die onderwerp ingeklee is. Die polities-konstitusionele aspekte van die ontvoogdingsproses word só ontplooi dat dit die standpunte van politieke leiers en politieke partye weerspieël. Deur hierdie ontvoogdingsproses is die gang en rigting van politieke ontwikkeling in 'n groot mate beïnvloed. Die ekonomiese aspekte van ontvoogding het nie binne die raamwerk van hierdie studie geval nie.

Die onderwerp is besonder aktueel. In die ontwikkeling en groei van individue en volkere tot selfstandigheid is ontvoogding die ruggraat van die strewe na onafhanklikheid. 'n Ontvoogdingsproses gaan uiteraard met spanning en selfs botsings tussen mense en volke gepaard. Die verbintenis tussen Brittanje en Suid-Afrika het vroeg in die negentiende eeu, met die aanraking tussen die Britse en Nederlandse (later Afrikaanse) kulture, ontstaan. Sedertdien het die element van stryd en botsing tussen die twee kulture duidelik na vore getree. Aan die einde van die negentiende eeu het die botsing in 'n driejarige oorlog uitgeloop. Die Britse oorwinning in die oorlog het meegebring dat Brittanje die verbintenis tussen die twee kultuurstrome kon beheer. Die Britse bewindhebbers wou die stempel van die Britse kultuur en by name die Engelse taal, op die Hollandssprekende Afrikaners afdruk. Dit het meegebring dat die vooroorlogse spanning tussen Engelse en die blanke Afrikaners weer opgebou het - weliswaar in 'n totaal ander vorm. Sir Alfred Milner, Goewerneur en Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, se verengelsingsbeleid[2] en

2 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 5: 1899-1920, pp.251,340-347.

die daaropvolgende laertrek vanuit blanke Afrikanergeledere in die vorming van die Christelik-nasionale onderwys daarteen[3], het die dieperliggende faset van kultuurbotsing tussen die twee kultuurstrome blootgelê. Die Britse konneksie, soos die verbintenis bekend geraak het, en die strewe wat onder sommige Afrikaners bestaan het na die ontvoogding daarvan, was gedurende die dertigerjare besonder aktueel.

Vandat Brittanje die Statuut van Westminster in 1931 afgekondig het, het Ryksgesindes gevrees dat Suid-Afrika se Britse konneksie sou verbrokkel. Dit het hulle in botsing gebring met Nasionaliste wat met hul strewe na die vorming van 'n Republiek doelbewus die Britse konneksie wou verbreek. Deur Republiekwording in 1961 is die laaste konstitusionele bande tussen Suid-Afrika en Brittanje uit die weg geruim.

Historici wat uiteenlopende historiese denkrigtings verteenwoordig,[4] dui daarop dat daar nie 'n verband tussen Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie enersyds en swart mense se koestering van die konneksie andersyds bestaan het nie. Gevolglik is die integrering van die rol wat swart mense in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het by hierdie studie nie regverdigbaar nie. Daar het nietemin enkele raakpunte bestaan, waarna in hoofstuk 10 verwys word.

Vir die logiese ontplooiing van die onderwerp kan 'n tematiese indeling in vier kategorieë gedoen word, naamlik die agtergrondontwikkeling, die wetlike aspekte van ontvoogding, die vertolking van die wetlike aspekte en die uitwerking wat simbole op die ontvoogdingsproses gehad het. Konstitusionele geskiedenis val teoreties binne die breë raamwerk van die geskiedeniswetenskap. Dit word hier as 'n deeldissipline van geskiedenis aangewend.

In hoofstuk 1 word die ontstaan van Suid-Afrika se Britse konneksie en die ontvoogdingsproses wat daaruit voortgespruit het, beskryf. In hierdie beskrywing word klem geplaas op die standpunte wat politieke leiers teenoor die ontvoogdingsproses ingeneem het.

---

3 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 6: 1910-1924, pp.35,36

4 T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 1: protest and hope, 1882-1934, pp.11,64,67,138,146; vgl. ook T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 2: hope and challenge, 1935-1952, p.28; G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7: 1924-1939, pp.319-324,551-554.

In hoofstukke 2 en 4 word na die tweede kategorie verwys. In hoofstuk 2 word die Britse wet, die Statuut van Westminster, onder die vergrootglas geplaas. Beide die Britse en Suid-Afrikaanse visies word in oënskou geneem om 'n duidelike beeld van die posisionering van politici met betrekking tot Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie te verkry.

In hoofstuk 3 word die ontwikkeling wat die ontvoogdingsproses in die tydperk van koalisie en samesmelting tussen Hertzog en Smuts ondergaan het, bespreek. In die ontplooiing van samesmelting tussen die twee leiers was dit juis die betekenis wat hul volgelinge aan die Britse konneksie en die ontvoogding daarvan geheg het wat sommige van Hertzog en Smuts se volgelinge van hulle vervreem het. Só het dr. D.F. Malan, leier van die NP in Kaapland en 'n aantal ander Nasionaliste van Hertzog weggebreek en in Desember 1934 die Gesuiwerde Nasionale Party gestig.

In hoofstuk 4 word aangedui op watter wyse en waarom die Statuut van Westminster in die Unie van Suid-Afrika se wetgewing opgeneem is. Hierdie wetgewing wat as die Statuswette van 1934 bekend geraak het, is uiteenlopend deur politici vertolk. Die beskouinge wat Britse politici daarop nagehou het, is ook in ag geneem by die formulering van 'n selfstandige mening. Die vertolking van die Statuswette deur 'n klein groepie volgelinge van Smuts het hulle oortuig dat die Britse konneksie sodanig verswak was dat hulle die geledere van die Suid-Afrikaanse Party (SAP) verlaat het. Die resultaat van dié skeuring was die stigting van die Dominiumparty in 1934 onder leiding van kolonel C.F. Stallard. Hierdie party het die eenheid van die Britse Kroon sterk verdedig.

Hoofstukke 5 tot 8 handel oor verskeie aspekte van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie. Dit handel oor die burgerskapkwessie, die appèl na die Britse Geheime Raad, die Goewerneur-generaalskap en nasionale simbole. Sentiment veral by die standpuntformulerings oor nasionale simbole het by beide Afrikaans- en Engelssprekendes 'n belangrike rol gespeel.

In die laaste drie hoofstukke word kategorie drie, die vertolking van wetlike aspekte, bespreek. Dit vorm as't ware die ruggraat van die tema waarom die grootste gros van konstitusionele dispute gewentel het.

In hoofstuk 9 het Hertzog se teorie oor 'n gedeelde koningskap hom in botsing met diegene wat in die eenheid van die koningskap geglo het, gebring. Die beskouinge oor die kroon was fundamenteel met betrekking tot Suid-Afrika se ontvoogding van

die Britse konneksie. Gevolglik kan politieke standpunte oor Suid-Afrika se reg met betrekking tot sesessie van die Britse Kroon, asook die reg om neutraal te bly indien Brittanje in 'n oorlog betrokke sou raak, daarheen teruggevoer word.

In hoofstuk 10 wentel die ontplooiing van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie rondom die sesessievraagstuk. Die bespreking van hierdie vraagstuk het aan die lig gebring dat politieke partyverdeling in die twintiger- sowel as die dertigerjare grootliks aan politici se standpunte rakende sesessie gekoppel kon word.

Nou verwant aan die sesessievraagstuk was die neutraliteitskwessie wat in hoofstuk 11 beskryf word. Hierdie saak het in die jare voor die Eerste en Tweede Wêreldoorlog in 'n brandende politieke dispuut ontwikkel. Dit is ook oor die algemeen beskou as die finale toets wat sou aantoon of Suid-Afrika in die praktyk van die Britse konneksie ontvoogd geraak het.

Die vierde kategorie, naamlik die rol wat nasionale simbole in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gespeel het, word in hoofstuk 8 uiteengesit. Politieke debatte rondom die vlag- en volksliedkwessie het spanning onder politici, by name Hertzog en Smuts, gewek. Dit was veral die volksliedvraagstuk wat in 1938 die gespanne verhouding wat daar tussen Hertzog en Smuts oor die Britse konneksie geheers het, blootgelê het.

'n Verdere ontplooiing van die tema is moontlik. Navorsers kan byvoorbeeld die psigologiese uitwerking van leiers se standpunte en houdings met betrekking tot Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie op die moraal van hul volgelinge peil. Daarbenewens kan Jan Publiek se mening uit lesers- en briewekolomme van dagblaaie, in verband met die rol van simbole in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie, tot 'n selfstandige tema uitgebou word.

Die navorsing van hierdie studie berus op 'n verskeidenheid van bronne. Daar is in Brittanje en Suid-Afrika verskeie navorsingsentra besoek wat waardevolle inligting opgelewer het. Wat die argivale bronne betref, besit die Public Record Office (PRO) in Londen heelwat amptelike dokumente van die Britse Departement van Buitelandse Sake en die Dominiumkantoor wat met vrug gebruik is. Van hierdie dokumente was dit veral briefwisselings tussen amptenare van bogenoemde kantore, notules van vergaderings en memorandums in verband met konstitusionele sake wat heelwat lig op die tema gewerp het.

Hierteenoor het die W.H. Clark-versameling in die British Library of Political and Economic Science (BLPES) betreklik min bruikbare inligting bevat. Gelukkig het navorsing uit die argivale bronne daartoe gelei dat Clark se visies bekend geraak het. Die Herbert Stanley-versameling wat in die Rhodes House Library in Oxford bewaar word, het ewe-eens besonder min inligting wat in die tema geïntegreer kon word, bevat. Die feit dat beide Stanley en Clark die hoë poste van Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika beklee het, het die verwagting laat ontstaan dat dié versamelings bruikbare inligting sou bevat.

Wat die sekondêre bronne betref, het navorsing in die Institute of Commonwealth Studies in Londen daartoe bygedra dat 'n breë perspektief op die Britse houding jeens Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie uit 'n verskeidenheid bronne verkry kon word.

Die Colindale Library in die noorde van Londen bevat 'n groot verskeidenheid koerante. Ekstensiewe navorsing in vier koerante, naamlik die ***Daily Herald, The Times, Observer*** ('n Sondagblad) en ***Daily Telegraph*** het egter min nuwe visies met betrekking tot die tema opgelewer.

In argiefbewaarplekke in Suid-Afrika is talle bronne gevind wat van groot waarde vir die ontplooiing van die tema was. Die J.W. Jagger-biblioteek in Kaapstad waar die private versamelings van Patrick Duncan en Harry Lawrence geraadpleeg is, het bruikbare inligting bevat. Die D.F. Malan-versameling in die Carnegie-biblioteek in Stellenbosch het heelwat inligting bevat waaruit Malan se standpunt geformuleer kon word.

In Pretoria het veral die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB) besonder baie en nuttige argivale bronne opgelewer. Hieronder tel die private dokumentversamelings van J.B.M. Hertzog, J.C. Smuts, J.G. Strijdom en C.T. te Water. Die United Party Archives wat by die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in bewaring gehou word, het egter teleurstellend min inligting oor dieperliggende beleidsake bevat.

Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) in Bloemfontein beskik oor 'n groot verskeidenheid argivalia wat op die onderwerp betrekking het. Dit was veral die privaatversamelings van die NP, C.R. Swart, E.H. Louw en M.M. Jansen waarin talle relevante dokumente opgespoor en verwerk is.

In die Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB) is die private dokumentversameling van dr. N.J. van der Merwe met groot vrug benut. Dit was veral die briefwisseling wat Van der Merwe met kollegas gevoer het wat relevante inligting bevat het.

Benewens hierdie argivale bronne is 'n verskeidenheid koerante geraadpleeg. Die meeste navorsing uit koerante het in die Openbare Biblioteek in Johannesburg plaasgevind. Soms is van die beskikbare koerante by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en INEG deurgewerk. Onder die koerante wat geraadpleeg is, het ***Die Burger, The Star, Die Volksblad, Rand Daily Mail, Die Vaderland, The Cape Argus, Cape Times, The Natal Witness, Die Transvaler*** en ***The Natal Mercury*** getel. Naas die argivale bronne was koerante bepaald die belangrikste bron van inligting.

Behalwe die besondere waardevolle stof wat uit bovermelde bronne verkry is, het die raadpleging van 'n verskeidenheid biografieë ook sinvolle en vrugbare studiemateriaal opgelewer. Hieronder moet veral van C.M. van den Heever se uitgebreide werk oor Hertzog en W.K. Hancock se bydraes oor Smuts melding gemaak word. Die rol wat Malan en Stallard in die ontvoogdingsproses gespeel het, het nog nie na behore in enige biografie na vore getree nie. Hierby kan ook gemeld word dat biografieë oor Hofmeyr en Duncan feitlik nutteloos was vir die ontplooiing van die tema.

Hoewel daar reeds talle werke oor aspekte van die tema verskyn het, is daar steeds 'n aantal leemtes wat voorkom. Die feit dat die tema tot dusver fragmentaries ontplooi is en dat die Britse houding teenoor Suid-Afrika, wat die Britse konneksie betref, nie volledig behandel is nie, kan as enkele tekortkominge vermeld word.

Gesaghebbende werke wat reeds verskyn het, is: ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid,***[5] ***Die Nasionale Party***, dele 1-4[6] en ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, dele 6 en 7.[7]

5 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid***, pp.32-247.

6 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1: agtergrond, stigting en konsolidasie, pp.72 e.vv.; J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2: die eerste bewindsjare, 1924-1934, pp.112-181,196-296; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3: die eerste bewindsjare, 1924-1940, pp.5 e.vv.; vgl. P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4: die Gesuiwerde Nasionale Party, 1934-1940, pp.5-272.

7 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 6 ..., pp.76-161,196-211,215-238,308-350,476-511; vgl. G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., pp.150-174,332-367,396-477,569-688.

Hierbenewens het inligting uit 'n klompie verhandelinge en proefskrifte ook tot 'n beter begrip van die tema bygedra. Die bestudering van Wette en Volksraadsdebatte het waardevolle inligting na vore gebring.

Hoewel die skrywer 'n diepgaande ondersoek na relevante tydskrifartikels geloods het, was daar slegs enkeles wat sinvol in die studie aangewend kon word.

Uit die bogenoemde uiteensetting blyk dit dat daar heelparty bronne bestaan waardeur die breë spektrum van die onderwerp gedek kon word. Daar is desondanks bevind dat daar oor sommige van die prominente figure in die ontvoogdingskwessie nog 'n groot leemte aan relevante navorsingsmateriaal bestaan.

Ten einde die tema bekend te stel, is dit nodig om enkele begrippe en afkortings te omskryf.

| | |
|---|---|
| Britse dominium: | Direk vertaal 'n Britse gebied, bepaald een waarin 'n status van onderhorigheid nog in die naam bly vassteek het. Sedert 1926 het die term geleidelik in onbruik geraak. |
| Britse Gemenebes: | Dit is 'n versamelnaam vir state wat op een of ander wyse met die Britse Kroon geassosieer was. Die Balfour-verklaring het aan hierdie state gelyke status gegee. |
| Britse konneksie: | Die verbintenis van 'n land (in dié geval Suid-Afrika) aan Brittanje. Hierdie konneksie kan 'n verskeidenheid van sake met betrekking tot die studieveld insluit, waaronder wetlike, politieke en simboliese aspekte. |
| Britse Vrygeweste(s): | Dieselfde inhoudelike betekenis as Gemenebeslid, dog vry, verwys direk na die verworwe vry status van lede van die Britse Gemenebes. |
| Imperialisme: | 'n Strewe van regerings om gesag in verskeie wêrelddele te vestig, in stand te hou en uit te brei. In hierdie studie verwys dit bepaald na die universele of algemeen geykte historiese term. |
| Ongep.: | ongepubliseerde. |

| | |
|---|---|
| Ontvoogding: | In die konteks van die tema beteken dit die proses van ontwikkeling waarin 'n land (in dié geval Suid-Afrika) losraak van die bande (wetlik en andersins) waarmee hy aan 'n ander land verbind is en uiteindelik sy eie selfstandige en onafhanklike bestaan voer. |
| Ryksgesindheid: | Die strewe om Britse gesag in verskeie wêrelddele te vestig, in stand te hou en uit te brei. |
| Unp.: | unpublished. |

---oOOo---



**Foto no. 1:** **Generaal J.B.M. Hertzog.**

Bron: C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog*** (Johannesburg, A.P. Boekhandel, 1943).




**Foto no. 2:** **Generaal J.C. Smuts.**

Bron: J.C. Smuts, ***Greater South Africa: plans for a better world*** (Johannesburg, Truth Legion, 1940).




**Foto no. 3:** **Dr. D.F. Malan.**

Bron: J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3: die eerste bewindsjare, 1924-1934 (Bloemfontein, INEG, 1982).



**Foto no. 4:** **Kolonel C.F. Stallard.**

Bron: J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3: die eerste bewindsjare, 1924-1934 (Bloemfontein, INEG, 1982).